



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

FEBRUARIE/MAART 2017

MEMORANDUM

PUNTE: 70

Hierdie memorandum bestaan uit 32 bladsye.

INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN**Beantwoord slegs EEN vraag.**

	VRAAGNOMMER	PUNTE	BLADSYNOMMER
1.	<i>Kringe in 'n Bos</i>	35	4
2.	<i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i>	35	8
3.	<i>Meeulanders</i>	35	11

AFDELING B: DRAMA**Beantwoord slegs EEN vraag.**

4.	<i>Poppie – die drama</i>	35	15
5.	<i>Paljas</i>	35	19

AFDELING C: KORTVERHALE**Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.**

6.	“Rooi kombersie”	18	23
	“Baby”	17	24

AFDELING D: GEDIGTE**Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.**

7.	“Spore op die maan”	18	27
	“Woorde”	17	29

NASIENRIGLYNE

- As 'n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.
- Indien net TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepeenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.
- As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- Indien die kandidaat antwoorde gee met Engelse woorde in, druk die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. 'n Uitsondering is die Engelse terminologie of woordeskat in die voorgeskrewe werke.
- Indien ironie, vergelyking, verband en kontras gevra word, verdien die kandidaat 2 punte of geen punte nie omdat twee kante vir 2 punte gestel moet word.
- Indien 'n verduideliking gevra word, moet die denkprosesse van die kandidaat gevolg word om te bepaal of die antwoord gegee is. Moenie slegs die eerste sin nasien nie.
- By aanhalings moet opdragte uitgevoer word, byvoorbeeld EEN WOORD beteken slegs een woord. Dit kan uitgelig word (aanhalingstekens, hoofletters, geglim, onderstreep).
- Indien die kandidaat twee of meer feite moet gee, kan dit in ('n) sin(ne) of met koeëlpunt gegee word. Sien slegs 1 feit per koeëlpunt na indien 2 feite by een koeëlpunt gegee is.
- By OF SOORTGELYK AAN BOGENOEMDE beteken dit 'n sinoniem vir die bogenoemde antwoorde, nie 'n nuwe gedagte/antwoord nie.

AFDELING A: ROMAN**VRAAG 1: KRINGE IN 'N BOS – Dalene Mathee**

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.1	<ul style="list-style-type: none"> Saul (en Jozef) was op pad na hulle ouma en oupa om die nuus oor hul ma se sterfte te gaan oordra. Toe hy veertien was 	(1)	2
1.2	Die Bosmense het geglo dat jy dan juis olifante roep om jou te kom trap. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	1
1.3.1	<ul style="list-style-type: none"> Elke keer as Saul slegte nuus /n emosionele ervaring gehad het/seer gehad het, het Oupoot aan hom verskyn. Saul het Oupoot sy dierbroer genoem. 	(1)	2
1.3.2	<ul style="list-style-type: none"> Oupoot het vir die eerste keer aan hom verskyn na sy ma se dood. Nadat Saul se pa hom weggejaag het, het Oupoot aan hom verskyn. Oupoot se voetspore was om Saul se blyplek toe hy siek was. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) 	(2)	2
1.4.1	Hulle het die bloubokkie se kop weggegooi.	(1)	1
1.4.2	Die bloubokkie se gal het nie in sy kop gesit nie.	(1)	1
1.4.3	<ul style="list-style-type: none"> Saul het daarna nie meer al die grootmense se antwoorde/stories geglo nie./Saul het besef dat die grootmense kon jok. Saul het daarna besef dat die grootmense nie altyd die regte antwoorde geken het nie. Saul het daarna besef dat die grootmense dalk leuens glo (omdat dit vir hulle makliker was). (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	2
1.5	Saul wou omdraai/teruggaan in die Bos in (wat vir hom bekend was). (Of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	1
1.6	Kate	(1)	1

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK- VLAK (Barrett)
1.7	Saul het gesien/beleef dat ... <ul style="list-style-type: none"> • MacDonald gelieg het/n leuenaar was. • MacDonald die Bosmense verneder/minderwaardig behandel het. • MacDonald homself as belangrik geag het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	1
1.8	<ul style="list-style-type: none"> • Die houtkopers het vir die Bosmense die minimum betaal vir goeie kwaliteit hout. • Die houtkopers het seker gemaak dat die Bosmense in die skuld by hulle bly. • Die houtkopers het ryk geword deur die Bosmense uit te mergel. • Die houtkopers mergel die houtkappers uit en die houtkappers mergel die Bos uit. (Enige TWEE feite of soortgelyk aan bogenoemde)	(2)	3
1.9	<ul style="list-style-type: none"> • Saul het besef dat hulle baie armer as die ander witmense op die dorp was. • Saul het besef dat hulle agterlik vertoon het teenoor die ander witmense op die dorp. • Saul het raakgesien dat hulle klere en optrede verskil het van die dorp se witmense. • Die dorp se witmense het hulle minderwaardig behandel. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	2
1.10	<ul style="list-style-type: none"> • Dit was die grootste kalender in die Bos. • Saul het besef dat die Bosmense die Bos uitroei. • Saul het geglo die kalender kry seer/voel pyn. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	1
1.11	<ul style="list-style-type: none"> • D • opstandeling • D opstandeling (Enige EEN)	(1)	3
1.12	hartbroer	(1)	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK- VLAK (Barrett)
1.13	Ja. <ul style="list-style-type: none"> • Toe Saul in die houtkapsan swaargekry het, het Jozef hom gehelp. • Jozef het Saul in hulle jonger dae teen Joram se hardheid beskerm. OF Nee. <ul style="list-style-type: none"> • Jozef het slegte dinge van Saul geglo (in plaas van om hom te vertrou). • Jozef het nooit verstaan dat Saul anders as die Bosmense gedink het nie/dinge bevestigteken het nie. (Kandidaat se interpretasie moet met diskresie hanteer word.) 	(1)	4
1.14	<ul style="list-style-type: none"> • MacDonald het gedreig om geen hout van Saul se familie te koop solank hy in Knysna was nie. • Saul wou sy familie teen MacDonald beskerm./Ter wille van sy gesin se oorlewing. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	2
1.15	Saul het gevra dat MacDonald vir sy familie ekstra geld (wat hy vir MacDonald gegee het) vir die hout moes betaal.	(1)	1
1.16	Saul het nie beheer gehad oor ... <ul style="list-style-type: none"> • sy gesin se sienings/opinies nie. • MacDonald se houding oor hom en Kate nie. • die uitbuiting van die houtkappers nie. • die uitroeiing van die Bos/bome nie. • die Bosmense wat olifante skiet nie. (Enige TWEE) 	(2)	2
1.17	<ul style="list-style-type: none"> • Daar was nie konflik/magstryde in Swellendam nie. • Saul se privaatheid is in Swellendam gerespekteer. • Saul is as mens in Swellendam aanvaar. • Saul het sy werk/houtwerk in Swellendam geniet. • Mense in Swellendam het Afrikaans gepraat. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	4
1.18	meubels te maak	(1)	1

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK- VLAK (Barrett)
1.19	<p>Joram/Saul se pa</p> <ul style="list-style-type: none"> • Joram het saam met die ander Bosmense die slegste van Saul geglo. <p>OF</p> <p>MacDonald</p> <ul style="list-style-type: none"> • MacDonald het hom altyd soos 'n kneg laat voel/het hom deurentyd verneder. • MacDonald het die verhouding tussen Saul en Kate versuur. • MacDonald het Saul en Kate van mekaar af weggedryf. <p>OF</p> <p>Jozef</p> <ul style="list-style-type: none"> • Jozef het Saul openlik aangeval. • Jozef het Saul van verraad beskuldig. <p>Jozef wou Saul nooit glo nie. (’n Persoon en ’n verduideliking)</p>	(2)	4
1.20	MacDonald het gekeer dat Saul eiendom/n erf in Knysna kon koop. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	3
1.21.1	<ul style="list-style-type: none"> • C • Freek Terblans • C Freek Terblans (Enige EEN) 	(1)	2
1.21.2	<ul style="list-style-type: none"> • D • Arend Botha • D Arend Botha (Enige EEN) 	(1)	2
1.21.3	<ul style="list-style-type: none"> • A • Peter Crompton • A Peter Crompton (Enige EEN) 	(1)	2
1.21.4	<ul style="list-style-type: none"> • B • Frank Jefferson • B Frank Jefferson (Enige EEN) 	(1)	2
1.22	<ul style="list-style-type: none"> • Saul was bewus van MacDonald se invloed. • Saul en Kate het toe nog nie oor hulle twee se toekoms gepraat nie. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	(1)	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK- VLAK (Barrett)
1.23	<ul style="list-style-type: none"> • B • kon op hierdie manier sy familie help. • B kon op hierdie manier sy familie help. (Enige EEN) 	(1)	3
1.24	<ul style="list-style-type: none"> • Jozef en Saul kon weer broers wees. • Jozef en Saul kon saamwerk/saam aan 'n droom bou. • Jozef en Saul kon mekaar vergewe. • Jozef kon Saul weer vertrou. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	4
1.25	<ul style="list-style-type: none"> • Al die karakters en gebeure word waargeneem/beskryf. • 'n Alomteenwoordige verteller vertel vanuit al die perspektiewe. • Dit gee groter geloofwaardigheid (gebeure word nie vanuit een karakter se perspektief vertel nie). • Dit gee nie net 'n persoonlike belewenis van een karakter weer nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	5
		[35]	

OF

**VRAAG 2: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM –
Marita van der Vyver**

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
2.1	vyftiende	(1)	1
2.2	<ul style="list-style-type: none"> • Gavin het in Johannesburg/op 'n ander plek gewoon. • Gavin het nie die tipiese rol as pa vervul nie./Mana het Hanna alleen grootgemaak./Mana en Gavin is geskei. • Gavin was 'n afwesige pa. (Enige EEN) 	(1)	1
2.3	<ul style="list-style-type: none"> • D • slangvelbroek • D slangvelbroek (Enige EEN) 	(1)	1
2.4	<ul style="list-style-type: none"> • Hulle het toe nie meer omstandighede van buite nodig gehad om 'n lekker vakansie te hê nie. • Hulle het mekaar beter leer ken/was gemaklik in mekaar se geselskap. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	3
2.5	Hanna kon vir Gavin beter leer ken./Hanna het 'n beter indruk van haar pa gekry./Hanna kon 'n beter verhouding met haar pa begin bou.	(1)	4
2.6	Hanna was positief oor/opgewonde oor /het uitgesien na Sharon se koms.✓ Hanna was negatief/wou nie hê Gavin moes kom kuier nie.✓ (Of soortgelyk aan bogenoemde. VERSKIL 2 punte of 0)	(2)	3
2.7.1	<ul style="list-style-type: none"> • Hanna is negatief/neerhalend teenoor haar pa. • Hanna was sensitief/skaam oor haar pa. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	3
2.7.2	<ul style="list-style-type: none"> • Gavin het geweet hoe om partytjie te hou. • Gavin was iemand om te bewonder. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	(3)

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK- VLAK (Barrett)
2.8	Gavin ... <ul style="list-style-type: none"> • het hard aan die deur gehamer. • het oor die drumpel gekruip. • was vuil/modderbesmeer en nat. • het gebuig. • het dramaties om verskoning gevra. • se luukse rooi MG het in die modder vasgeval. (Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde) 	(3)	2
2.9	<ul style="list-style-type: none"> • Gavin het aanmerkings oor Yann se wimpers gemaak. • Yann was bang om 'n kamer met Gavin te deel. • Yann het gehoor Gavin was homoseksueel. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	1
2.10	Die swart cashmere trui/geskenk het by Hanna se persoonlikheid gepas. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	3
2.11	<ul style="list-style-type: none"> • Beyers en Yann het moeite gedoen om iets te koop waarvan sy gehou het. • Beyers en Yann het Hanna se belangstellings in ag geneem. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	3
2.12.1	<ul style="list-style-type: none"> • D • Mana • D Mana (Enige EEN) 	(1)	2
2.12.2	<ul style="list-style-type: none"> • A • Beyers • A Beyers (Enige EEN) 	(1)	2
2.12.3	<ul style="list-style-type: none"> • B • Margot • B Margot (Enige EEN) 	(1)	2
2.12.4	<ul style="list-style-type: none"> • C • Yann • C Yann (Enige EEN) 	(1)	2
2.13.1	Margot het misluk omdat ... <ul style="list-style-type: none"> • sy nog nie 'n suksesvolle aktrise was nie. • sy haar kinders alleen gelos het./sy 'n egskeiding gehad het. 	(2)	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK- VLAK (Barrett)
2.13.2	Ja. <ul style="list-style-type: none"> Gavin was 'n afwesige pa. OF Nee. <ul style="list-style-type: none"> Sy Androgynous-reeks/klerereeks was volgens Sharon suksesvol. In die loop van die verhaal het die leser hom as 'n liefdevolle ouer leer ken. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	4
2.14	Johannesburg	(1)	1
2.15	Gavin wou Margot lok om aan die konsert deel te neem. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	3
2.16	nuuskierigheid/die wil om te weet (Of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	3
2.17	Gavin het ... <ul style="list-style-type: none"> Margot/almal oorreed om deel te neem. leiding geneem as die seremoniemeester op die konsert. almal se talente ontgin. besef dat hy almal se aandag van die omstandighede moes aflei. die hele konsert gereël. (Enige EEN)	(1)	2
2.18	Die gesin ... <ul style="list-style-type: none"> het die aand in mekaar se geselskap geniet. het mekaar beter leer ken. het mekaar se talente raakgesien/waardeer. kon vir mekaar/saam lag. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	3
2.19	<ul style="list-style-type: none"> Hanna was jaloers op Yann en Sharon wat saam 'n item gelewer het. Net Beyers het Hanna se item verstaan/waardeer. Hanna het eensaam gevoel nadat sy haar item gelewer het. Tibo en Amos het vreeslik baklei. (Enige TWEE)	(2)	2
2.20	Margot	(1)	1
2.21	Mana het 'n badkeps (van pienk plastiek) oor haar hare getrek. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	1
2.22	Gavin en Margot was dramaties/oortuigend/talentvol. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
2.23	Fabienne het met Jan getrou.	(1)	5
2.24	<ul style="list-style-type: none"> • B • skrywer • B skrywer (Enige EEN) 	(1)	1
2.25	<ul style="list-style-type: none"> • Hanna het haar opinie oor Margot verander. • Hanna het van Margot begin hou. • Hanna het besef dat Margot 'n goeie ma kon wees/ moedersinstinkte het. • Hanna wou vir Margot wys dat dis aanvaarbaar is om moeder(figuur) (en aktrise) te wees • Hanna het vir Margot as deel van die familie aanvaar. (Of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	4
		[35]	

OF

VRAAG 3: MEEULANDERS – Esta Steyn

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
3.1	Die (munisipale) verkiesing	(1)	1
3.2	<ul style="list-style-type: none"> • Attie was Fred se verkiesingshulp/regterhand. • Attie het Fred se verkiesingsveldtog hanteer. (Of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	2
3.3	<ul style="list-style-type: none"> • Fred was kwaad/ontsteld/woedend/aggressief/vernederd. • Hermanus was hartseer/bewoë/ongelukkig. (KONTRAS: Twee kante wat op emosie dui moet genoem word) 	(2)	2
3.4	Hermanus was lief/jammer vir Schalk.	(1)	3
3.5	<ul style="list-style-type: none"> • Fred was 'n seun van die gemeenskap. • Fred was 'n besigheidsman. • Fred het aan baie mense werk verskaf. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	4
3.6	<ul style="list-style-type: none"> • Fred was suksesvol en Schalk 'n mislukking. • Fred was 'n aanwys vir Salamanderbaai en Schalk 'n moeilikheidmaker. (Of soortgelyk aan bogenoemde) (VERSKIL: Twee kante moet genoem word) 	(2)	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
3.7	<ul style="list-style-type: none"> Schalk het nooit respek gehad vir wat die familie van hom verwag het nie. Schalk het baie hartseer vir die familie gebring (bv. toe hy die meisie/Magrietjie verkrag het). Schalk het baie verkeerde/onwettige dinge gedoen (soos bv. om met dwelms te smokkel). (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	(2)	2
3.8.1	<ul style="list-style-type: none"> Dat die polisie/mense hom gesoek het. Dat hy in die moeilikheid was. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	2
3.8.2	Hy was betrokke by brandstigting/misdaad/onwettige dinge.	(1)	2
3.9	<ul style="list-style-type: none"> Die Coetzee-groep was gespanne (oor hoe Fred en Schalk teenoor mekaar gaan optree). Daar was 'n atmosfeer van afwagting/spanning oor wat volgende gaan gebeur. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	1
3.10	<ul style="list-style-type: none"> Schalk se doel was om Fred te ontstel./Hy wou kom moeilikheid maak. Schalk wou sy gesin verneder/uitlok. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	3
3.11	sarkasties	(1)	3
3.12.1	Schalk was verantwoordelik vir die dood van Ryna se man/Vincent en/of seun/Ronnie. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	2
3.12.2	Schalk was verantwoordelik vir die ongeluk waarin Sheila verlam is. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	2
3.12.3	Schalk het vir Janka geskiet (en veroorsaak dat sy lank in rehabilitasie moes wees). (Of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	2
3.13	<ul style="list-style-type: none"> D sy skuld aan haar dood erken het nie. D sy skuld aan haar dood erken het nie. (Enige EEN)	(1)	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK- VLAK (Barrett)
3.14	<ul style="list-style-type: none"> • C • kon vooruitsien wat sou gebeur. • C kon vooruitsien wat sou gebeur. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	2
3.15	<ul style="list-style-type: none"> • Hermanus het nie geweet dat Fred se ontrouheid Elsabet na haar dood gedryf het nie. • Hermanus het nie van Jackie geweet nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	1
3.16	<ul style="list-style-type: none"> • Schalk het vir Elsabet van Jackie se bestaan bewus gemaak. (Of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	3
3.17	<ul style="list-style-type: none"> • Die ander vrou in Fred se lewe. • Die vrou met wie Fred Elsabet verkul het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	1
3.18	Schalk sou nie sy geheime verklap nie/oor swak keuses gepraat het nie/Schalk wou nie vir Fred afdreig nie/geld gehad het nie. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	3
3.19	<ul style="list-style-type: none"> • Fred was ontrou aan Elsabet. • Fred het haar nie met sy teenwoordigheid ondersteun nie. • Fred het Elsabet net materieel ondersteun. • Fred het haar nie emosioneel ondersteun/vir haar liefde gegee nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	3
3.20	skuldig	(1)	3
3.21.1	<ul style="list-style-type: none"> • B • Reggie • B Reggie (Enige EEN) 	(1)	2
3.21.2	<ul style="list-style-type: none"> • D • Matthys • D Matthys (Enige EEN) 	(1)	2
3.21.3	<ul style="list-style-type: none"> • A • Jacob • A Jacob (Enige EEN) 	(1)	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
3.21.4	<ul style="list-style-type: none"> • C • Billy • C Billy (Enige EEN)	(1)	2
3.22	Jacob kon ... <ul style="list-style-type: none"> • Schalk in die tronk laat boet het vir sy daad/nie self geskiet het nie. • Schalk vergewe het. • Fred se hulp om 'n advokaat te kry, aanvaar het. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	4
3.23	<ul style="list-style-type: none"> • Fred was ontrou aan sy eie vrou. • Fred het gedink geld kon probleme oplos. • Fred het nie sy foute erken nie/verantwoordelikheid vir sy foute aanvaar nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	5
3.24	Enige situasie waar Hermanus swaar gekry het ná die skietongeluk op Meeuland; bv. <ul style="list-style-type: none"> • Schalk se dood omdat Hermanus altyd sou voel hy het Schalk in die steek gelaat/kon Schalk nie help nie. • Janka wat geskiet is omdat almal Schalk toe as misdadiger sou onthou. (Enige EEN situasie en 'n verduideliking. Kandidaat se interpretasie moet met diskresie hanteer word.)	(2)	4
3.25	Die skrywer het beskryf ... <ul style="list-style-type: none"> • hoe Fred belowe het om nooit vir Jacob te sê dat hy Janka se pa was nie. • hoe Fred vir Janka omgee het. • hoe mooi Fred Elsabet se liefde vir Janka onthou. • hoe Fred vir Jacob 'n advokaat wou kry. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	5
		[35]	
TOTAAL AFDELING A:		35	

AFDELING B: DRAMA**VRAAG 4: POPPIE – DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotze**

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
4.1	<ul style="list-style-type: none"> • Poppie se oom • Ma Lena se broer (Enige EEN)	(1)	1
4.2	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Mens moet geduldig wees. • 'n Mens moet ten spyte van alles respek toon vir ouer mense. • 'n Mens moet simpatie hê met ander se swakhede. • Vergewe mense wat drink. • Familie bly altyd jou familie. (Enige EEN)	(1)	4
4.3	<ul style="list-style-type: none"> • Ouma Hannie was gelowig✓ maar sy wou hê oompie Pengi moes ophou bid.✓ • Gewoonlik word mense aangemoedig om te bid✓, maar hier word hy ontmoedig om te bid.✓ • 'n Mens is gewoonlik stil as iemand bid✓, maar ouma Hannie/ander mense het gesing✓. (IRONIE: Beide kante moet genoem word. 2 of 0.)	(2)	3
4.4.1	Die kinders het vir oompie Pengi gelag/hom uitgelag.	(1)	1
4.4.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die ouers het hul kinders verwaarloos. • Die drinkery het gevegte tussen die <i>migrants</i> en die <i>City borners</i> veroorsaak. • Die kinders het respek vir hul ouers verloor. • Kinderopstande was juis later ook oor die drank. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	3
4.5.1	Dit skep die atmosfeer/stemming in die drama.	(1)	4
4.5.2	<ul style="list-style-type: none"> • Dit het hulle moed gegee om aan te gaan. • Dit het hulle gehelp om hulle geloof te behou. • Dit het hulle gehelp om die fokus weg te hou van hulle probleme. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	5
4.5.3	Sang het ouma Hannie vertroos/rustig gemaak.	(1)	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
4.6	<ul style="list-style-type: none"> Die veelkleurige telraam in die skool het Poppie se aandag gehou. Poppie het in Mosie se boeke gelees./Die stories van Tarzan/Jakkals en Wolf/Pokkels was mooi./Poppie het <i>Die Jongspan</i> gelees. Poppie en Mosie het aangehou om die liedjies te sing. Poppie het die kolletjies in die boek verbind om 'n prent te maak. (Enige EEN) 	(1)	2
4.7	Ouma Hannie wou die belangrikheid van die taal (isiXhosa) by die kinders inprent.	(1)	2
4.8	lorries in die oorlog bestuur	(1)	2
4.9	<ul style="list-style-type: none"> Daar was konflik in hulle huis. Poppie het nie van die man gehou nie. Poppie moes kinders opgepas het. (Enige TWEE) 	(2)	3
4.10	(In) Mdantsane	(1)	1
4.11	<ul style="list-style-type: none"> Die regering het Poppie na Mdantsane toe gestuur. Poppie was met 'n Xhosaman getroud. Poppie kon nie meer langer 'n werkspermit in die Kaap kry nie. (Enige EEN) 	(1)	2
4.12	Poppie en Stone staan aan weerskante van die verhoog. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	4
4.13.1	Bonsile het veroorsaak dat die meisie nie meer kon skoolgaan nie. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	2
4.13.2	<p>Bonsile:</p> <ul style="list-style-type: none"> het sy eie pad geloop. het alleen geslaap. het laat ingekom. was rebels. (Enige EEN) 	(1)	2
4.14	<ul style="list-style-type: none"> Poppie het vir die kind se ma geld gegee. Poppie het Bonsile se kind saam Kaap toe gevat. (Enige EEN) 	(1)	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
4.15	<ul style="list-style-type: none"> • Poppie moes toe haar kinders agterlaat. • Poppie moes toe sonder Stone aangaan. • Poppie moes beleef hoe Jakkie haar kinders insleep by sy bedrywighede. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) 	(2)	4
4.16	<ul style="list-style-type: none"> • C • soms konflik beleef. • C soms konflik beleef. (Enige EEN) 	(1)	2
4.17	<ul style="list-style-type: none"> • B • moedeloos • B moedeloos (Enige EEN) 	(1)	3
4.18	nie reg was om in te bly nie	(1)	2
4.19.1	Kinders: <ul style="list-style-type: none"> • Poppie het vernedering/swaarkry ervaar om haar kinders te help om deur die lewe te gaan. • Poppie het Bonsile se kind soos haar eie grootgemaak. • Poppie het die kinders laat skoolgaan. (Enige EEN) 	(1)	2
4.19.2	Familie: <ul style="list-style-type: none"> • Poppie het vir Jakkie grootgemaak. • Poppie het ma Lena se kinders opgepas. • Poppie het baie met Mosie en Jakkie gepraat oor hulle optrede. (Enige EEN) 	(1)	2
4.19.3	Skoonfamilie: <ul style="list-style-type: none"> • Poppie het haar skoonmense se kultuur gerespekteer. • Poppie was bereid om haar aangetroude familie se tradisies aan te leer. • Poppie het hulle met haar kinders se opvoeding vertrou. (Enige EEN) 	(1)	2
4.20.1	<ul style="list-style-type: none"> • C • Dui handeling aan. • C Dui handeling aan. (Enige EEN) 	(1)	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
4.20.2	<ul style="list-style-type: none"> • D • Dui dekor aan. • D Dui dekor aan. (Enige EEN) 	(1)	3
4.20.3	<ul style="list-style-type: none"> • A • Dui ruimte aan. • A Dui ruimte aan. (Enige EEN) 	(1)	3
4.20.4	<ul style="list-style-type: none"> • B • Dui emosie aan. • B Dui emosie aan. (Enige EEN) 	(1)	3
4.21	<p>Ja.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Poppie se omstandighede het nie verbeter nie. • Poppie se kleinkind is oorlede. • Poppie se kinders het in die moeilikheid beland <p>OF</p> <p>Nee.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Poppie het aanvaar dat haar kinders groot is. • Poppie het haar geloof behou. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	3
4.22	<ul style="list-style-type: none"> • Poppie was weg van haar mense af./Poppie was te alleen. • Poppie het nie die lewe in Mdantsane geken nie. (Enige EEN) 	(1)	4
4.23	<ul style="list-style-type: none"> • Poppie het haar omstandighede aanvaar. • Poppie het die beste van die saak gemaak. • Poppie het planne gemaak. • Poppie se fokus het nooit wegbeweeg van haar gesin nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	4
		[35]	

OF

VRAAG 5: PALJAS – Chris Barnard

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
5.1	nostalgies	(1)	3
5.2.1	Hendrik luister na romantiese musiek, ✓ maar sy verhouding met Katrien was nie romanties nie. ✓ (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(2)	3
5.2.2	Die musiek: <ul style="list-style-type: none"> • is iets wat help vir eensaamheid. • bied 'n oplossing vir sy eensaamheid. • bied genesing van sy eensaamheid. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	2
5.3	<ul style="list-style-type: none"> • D • Sy verhouding met Katrien nie soos vroeër was nie. • D Sy verhouding met Katrien nie soos vroeër was nie. (Enige EEN)	(1)	3
5.4	Die musiek(snit)/lied wat op daardie stadium gespeel het.	(1)	2
5.5.1	<ul style="list-style-type: none"> • Dit wys vir die akteur wat Nollie speel, hoe om op te tree. • Dit dui Nollie se emosie aan. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	4
5.5.2	Willem	(1)	1
5.5.3	<ul style="list-style-type: none"> • Verhoudings wat herstel is. • Emma/die gesin wat gelukkig is/haar vreugde. • Emma/die gesin wat pret het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	4
5.6	<ul style="list-style-type: none"> • D • ongelukkigheid. • D ongelukkigheid. (Enige EEN)	(1)	3
5.7	Dit moes Willem ... <ul style="list-style-type: none"> • gelukkig maak. • pret laat beleef. • vrolik laat voel. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
5.8.1	<ul style="list-style-type: none"> Nollie het met Emma probeer praat./Emma het (omgedraai en) weggehardloop. Nollie het met die fiets agter Emma aangery./Nollie het te naby aan Emma met die fiets gery. Emma het gestruik/geval. (DRIE feite) 	(3)	2
5.8.2	Die konflik tussen Hendrik en Katrien. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	2
5.8.3	(Emma het elke keer) <ul style="list-style-type: none"> in die veld ingehardloop. weer weggehol. binne-in die huis gebly (as Nollie daar was). iewers gestaan en afluister. (Enige EEN)	(1)	1
5.8.4	<ul style="list-style-type: none"> Nollie en Emma het saam teruggestap huis toe nadat Nollie vir Bertie geslaan het. Emma het haar ma gehelp om Nollie se kneusplekke te versorg na sy vuisgeveg met Bertie. Nollie het vir Emma gevra om saam met hom na die perdeblomme te gaan kyk. Nollie en Emma het by die rivier gaan speel. Emma en Nollie was saam Volstruisdans toe. Emma het Nollie toegelaat om haar amper te soen. Nollie het langs Emma by die klavier kom sit. Nollie en Emma het gesels. Nollie het by Emma gaan sit in plaas van by Hendrik. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	2
5.9	Katrien en Hendrik het op pad (van die dorp na die huis) baklei/gestry/geargumenteer.	(1)	1
5.10	Aan die begin van die drama was die atmosfeer: somber/ongelukkig/swaarmoedig/neerdrakkend, MAAR in die uittreksel is dit: feestelik/vrolik/gelukkig/opgewek (Of soortgelyk aan bogenoemde; TWEE kante moet gestel word; twee punte of nul)	(2)	3
5.11	"Hendrik skink met sy tuingietertjie bietjie dam by iemand se dop."	(1)	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
5.12	Dat hulle moes praat oor belangrik dinge/probleme/hul gevoelens. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	2
5.13	<ul style="list-style-type: none"> Hy wou die konsertina teen die windpomp ophys. Hy wou bo-op die windpomp gaan konsertina speel. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	1
5.14	<ul style="list-style-type: none"> Dit beklemtoon/versterk die feit dat die verhouding tussen Hendrik en Katrien weer goed was. Dit wys hoe goed die verhouding tussen Hendrik en Katrien was. Dit dra by tot die gelukkige slot van die drama. (Enige EEN)	(1)	4
5.15	Hendrik het ... <ul style="list-style-type: none"> die dorpsmense ingenooi/nie weggejaag nie. saam met die dorpsmense partytjie gehou. vir die dorpsmense iets te ete/drinke gegee. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	(2)	4
5.16.1	<ul style="list-style-type: none"> E Gebroke verhoudings E Gebroke verhoudings (Enige EEN)	(1)	3
5.16.2	<ul style="list-style-type: none"> C 'n Opwindende lewe C 'n Opwindende lewe (Enige EEN)	(1)	3
5.16.3	<ul style="list-style-type: none"> D 'n Kans om weg te kom D 'n Kans om weg te kom (Enige EEN)	(1)	3
5.16.4	<ul style="list-style-type: none"> A Vooroordeel teenoor mense B Vooroordeel teenoor mense (Enige EEN)	(1)	3
5.17	<ul style="list-style-type: none"> Toertjies het Willem getroos. Toertjies het vir Willem selfvertroue gegee. Toertjies het Willem sosiaal laat verkeer. Toertjies het Willem gelukkig/besig gehou. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	(2)	4

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
5.18	toorgoed	(1)	1
5.19	<ul style="list-style-type: none"> • Dit dui die begin van 'n nuwe toneel aan. • Dit dui die volgorde van die tonele aan. (Enige EEN) 	(1)	3
5.20	<ul style="list-style-type: none"> • Die konsertina verteenwoordig Manuel se paljas (wat sentraal in die drama staan).(Aanvaar ook omskrywing van paljas.) • Die konsertina verteenwoordig geluk. • Musiek is baie belangrik in die drama. Die feit dat die drama met musiek eindig is dus gepas. (Kandidaat se interpretasie moet met diskresie hanteer word. By eerste kolpunt mag die kandidaat nie slegs noem dat die konsertina vir Manuel verteenwoordig nie. Daar moet verwys word na wat Manuel gebring het.) 	(1)	4
		[35]	
	TOTAAL AFDELING B:	35	

AFDELING C: KORTVERHALE**VRAAG 6: STORIEJOERNAAL KONTEKSTUELE VRAAG****"ROOI KOMBERSIE" – Rachelle Greeff**

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
6.1.1	(In die vakansie) toe/voor sy universiteit toe is.	(1)	1
6.1.2	<ul style="list-style-type: none"> • Sy het graag aan die kombersie geruik/ teen haar gesig gehou. • Sy het graag oor die kombersie gestreel. • Sy kon nie wag om die kombersie vir die winter uit te haal nie. (Enige EEN)	(1)	3
6.1.3	<ul style="list-style-type: none"> • Die kombersie was nie (saam met die ander bagasie) in die katebak nie. • Die kombersie het langs haar op die sitplek gelê. (Enige EEN)	(1)	3
6.2	<ul style="list-style-type: none"> • Albei het in Lila se huis gebeur. • In albei situasies was Lila in gevaar. • In albei situasies was Lila magteloos. • In albei situasies was die kombersie haar troos/wou sy haar kombersie by haar hê/was haar kombersie by haar. • Albei gebeure het Lila ontstel. • In albei gevalle was die gebeure onverwags. • In albei gevalle was Lila se geliefdes by haar. (Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)	(3)	3
6.3	<ul style="list-style-type: none"> • A • Kaapstad • A Kaapstad (Enige EEN)	(1)	1
6.4	Hulle het: <ul style="list-style-type: none"> • saans die vensters ooggelaat. • geen diefwering gehad nie. • nie 'n alarmstelsel gehad nie. • die deure ooggelaat. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	3
6.5	in die slaapkamer	(1)	1
6.6	<ul style="list-style-type: none"> • Hy was nog jonk/nie ouer as haar peetkind nie. • Die wit van sy oë was naaswit/amper geel. • Sy vel het geglim (soos ebbehout). (Enige EEN)	(1)	1

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
6.7.1	vuurwapens	(1)	1
6.7.2	bankkaart	(1)	1
6.8.1	<ul style="list-style-type: none"> Die leser het nie geweet hoe die episode/inbraak geëindig het nie. Daardie spesifieke misdaad het moontlik nie daar opgehou nie. Die leser weet nie wat toe verder met Daniel en Lila gebeur het nie. (Of soortgelyk aan bogenoemde)(LW: Sien die verskil tussen 6.8.1 en 6.8.2. In hierdie antwoord gaan dit oor die <i>definisie</i> van 'n oop slot. M.a.w. wat is 'n oop slot?)	(1)	4
6.8.2	Die skrywer wou só aandui dat ... <ul style="list-style-type: none"> misdaad universeel is. misdaad 'n realiteit is. gevolge van misdaad langdurig is. OF Die skrywer se doel met die oop slot was om: <ul style="list-style-type: none"> die leser te laat besluit hoe die verhaal moet eindig. die leser by die verhaal te betrek deur die slot “self te skryf”. die leser verder te laat nadink oor die impak/gevolge van misdaad. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)(In hierdie antwoord gaan dit oor <i>waarom</i> daar op 'n oop slot besluit is. M.a.w. hoekom 'n op slot? Die funksionaliteit daarvan.)	(1)	4
6.9.1	<ul style="list-style-type: none"> E 'n kluis E 'n kluis (Enige EEN)	(1)	2
6.9.2	<ul style="list-style-type: none"> A die lentedansfoto A die lentedansfoto (Enige EEN)	(1)	2
6.9.3	<ul style="list-style-type: none"> B 'n goue pen B 'n goue pen (Enige EEN)	(1)	2
6.9.4	<ul style="list-style-type: none"> D 'n oorgehaalde rewolwer D 'n oorgehaalde rewolwer (Enige EEN)	(1)	2

"BABY" – EKM Dido

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
6.10	<ul style="list-style-type: none"> Nooi/Tinkie en Doempie se dogter 	(1)	3
6.11	<ul style="list-style-type: none"> Hulle motor het langs die (groot)pad gebreek. Sersant De Wit het hulle na die verteller se huis gebring./Hulle het nie ander plek gehad om te bly nie. Sersant het geweet die verteller se ouers sou mense in nood help. (Enige TWEE feite)	(2)	2
6.12	<ul style="list-style-type: none"> C beheer oor C beheer oor (Enige EEN)	(1)	3
6.13.1	<ul style="list-style-type: none"> Sy het lang, rooi naels gehad. Sy het baie (blou) grimering gedra. Haar rokkies was skouerloos/kort. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	3
6.13.2	Hulle het gedink dat sy dronk was/iets gebruik het.	(1)	1
6.14	<ul style="list-style-type: none"> Haar oë was smekend/hulpeloos/hartseer. Dit het (vroëër) gelyk asof trane by haar wange afgeloop het. (Enige EEN)	(1)	2
6.15.1	<ul style="list-style-type: none"> Dit het Baby se aksent/uitspraak gewys. Dit het gewys hoe Baby gepraat het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	3
6.15.2	<ul style="list-style-type: none"> Mev. De Wit het haar Transvaalse/Pretoriaanse aksent herken./Hierdie uitspraak was die rede waarom mev. De Wit gaan besoek aflê het in die onderdorp./As gevolg van hierdie uitspraak of aksent het sersant De Wit dit met sy vrou bespreek. Mev. De Wit het besef sy was Claudine/n meisie wat reeds twee jaar vermis is. (TWEË feite)	(2)	3
6.16	Dit is gewoonlik name wat uit liefde gebruik word✓, maar Baby is misbruik/afgebreek/liefdeloos behandel.✓ (BEIDE kante moet genoem word: 2 punte of nul)	(2)	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK- VLAK (Barrett)
6.17	<ul style="list-style-type: none"> • Hulle het mekaar gehelp./Hulle was 'n hegte gemeenskap. • Hulle was gasvry./Hulle het ander mense in nood gehelp. • Hulle het vreemdelinge aanvaar. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	4
6.18	<ul style="list-style-type: none"> • Pas op vir (vreemde) mans. • (Vreemde) mans kan gevaarlik wees. • Wees versigtig oor die boodskap wat jou kleredrag/voorkoms aan mense oordra. (Kandidaat se interpretasie moet met diskresie hanteer word.) 	(1)	5
6.19	<ul style="list-style-type: none"> • Ons kan sien Baby wil iets sê, maar sy kry nie kans om dit te sê nie. • Deur die uitsteltegniek te gebruik./Die rede vir Baby se ongelukkigheid word eers aan die einde bekend. • Inligting wat help om die saak op te los word weerhou/moet ingelees word. • Die oplossing lê in die slot van die verhaal. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	4
6.20	<ul style="list-style-type: none"> • Dit was goed dat 'n misdadiger gevang is. • Baby kon weer by haar ma uitkom. • Baby se ontvoeringsaak is opgelos. (Kandidaat se interpretasie moet met diskresie hanteer word.) 	(1)	4
6.21	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Mens moet betrokke raak by die gemeenskap./Jy moet help waar jy kan. • Gebruik die feite/eie ervarings om antwoorde te soek. • Neem fyn waar/onthou wat jy sien of hoor; dit kan help om probleme op te los./ Wees oplettend. • Ondersteun jou man/maat. (Kandidaat se interpretasie moet met diskresie hanteer word.) 	(1)	5
TOTAAL AFDELING C:		35	

AFDELING D: GEDIGTE**VERSJOERNAAL****VRAAG 7****"SPORE OP DIE MAAN" – Koos du Plessis**

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
7.1	(Na die) maanlanding	(1)	1
7.2	<ul style="list-style-type: none"> Die ontdekking van nuwe oorde/om na nuwe oorde te gaan. Die plan om 'n plek sonder besoedeling te vind/weg te kom van besoedeling. (Enige EEN) 	(1)	2
7.3	<ul style="list-style-type: none"> Die refrein (wat telkens herhaal word.) Daar is vaste rym in strofe 1. Daar is alliterasie en assonansie./Halfrym of binnerym. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	3
7.4.1	Dit wys direkte rede/dit wat gesê is, volg. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	5
7.4.2	Ek voel: jammer vir die persoon teenoor wie ek dit gebruik. half moedeloos/sonder hoop vir daardie persoon. gefrustreerd teenoor die persoon. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	3
7.5	<ul style="list-style-type: none"> "Rommelberge" "groei" "swaelsuur" "oorwonne" (Drukfout met strofes; strofe 2 en 3 is as een strofe gedruk). (Enige EEN) (Aanvaar NIE "staalspruite" NIE – dui op ontwikkeling/nuwe projekte, maar nie noodwendig op besoedeling nie)	(1)	1

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK- VLAK (Barrett)
7.6	<ul style="list-style-type: none"> • Die werklikheid is dat die wêreld reeds oorwin is. • Daar is nie plek vir nuwe drome nie./Jy mors jou tyd om te droom. • Daar is geen kans dat die droom waar sal word nie. • Daar is geen nuwe plek om heen te gaan nie. • Daar is nie meer grond om te koop nie. • Dis 'n waan/'n wonder sal nie gebeur nie. • Die rusperleërs kan nie gekeer word nie. • (Die laaste drie kolpunte moet aanvaar word omdat strofe 2 en 3 as een strofe gedruk is.) (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	(2)	3
7.7	"atoom's" (Daar is geen ander voorbeeld van elisie in die laaste deel van die gedig nie. Daarom aanvaar ons hierdie antwoord sonder enige aanpassing.)	(1)	3
7.8.1	<ul style="list-style-type: none"> • B • assonansie • B assonansie (Enige EEN)	(1)	3
7.8.2	<ul style="list-style-type: none"> • E • alliterasie • E alliterasie (Enige EEN)	(1)	3
7.8.3	<ul style="list-style-type: none"> • D • metafoor • D metafoor (Enige EEN)	(1)	3
7.8.4	<ul style="list-style-type: none"> • A • oordrywing • A oordrywing (Enige EEN)	(1)	3
7.9	<ul style="list-style-type: none"> • D • neerdrakkend • D neerdrakkend (Enige EEN)	(1)	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
7.10	Die titel handel oor die mens wat spore op die maan gelos het/maanlanding en die inhoud dui op besoedeling/besetting. ✓ Dit is gepas omdat die inhoud die resultaat/gevolg van die titel weergee. ✓ (Verduideliking van titel en inhoud verdien 1 punt. Hoe die titel by die inhoud aansluit verdien 1 punt)	(2)	4
7.11	Ja. <ul style="list-style-type: none"> • Mense/politici maak leë beloftes oor groen lewe. • Mense praat net (maar doen niks). • Die probleem bly onopgelos. (By implikasie – niks gebeur nie; net praat.) • Die probleem vererger selfs. (By implikasie – niks gebeur nie; net praat.) • Die beloftes oor die bekamping van besoedeling word nie uitgevoer nie. OF Nee. <ul style="list-style-type: none"> • Daar is tog mense wat dinge doen (en nie net praat nie). • Baie mense help om die (besoedelings)probleem op te los. • Individue en die regering probeer om besoedeling te keer. • Daar is baie organisasies wat aandag aan besoedeling gee. (Kandidaat se interpretasie moet met diskresie hanteer word.) 	(1)	4
7.12	<ul style="list-style-type: none"> • Dit vestig die leser se aandag op die probleem. • Die leser word opgeroep om te kyk/te dink oor wat hy/sy sien. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	(1)	3

"WOORDE" – Vincent Oliphant

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
7.13	<ul style="list-style-type: none"> • "my" • "ons" (Enige EEN)	(1)	1
7.14	'n vrye vers	(1)	3
7.15	<ul style="list-style-type: none"> • Daar is geen vaste rympatroon nie. • Daar is nie hoofletters nie. • Daar is nie leestekens nie. • Die versreëls is nie ewe lank nie. (Enige EEN)	(1)	3
7.16	<ul style="list-style-type: none"> • "sing" • "kan" (Enige EEN)	(1)	4
7.17.1	Mense moet skuil wanneer hulle: <ul style="list-style-type: none"> • in gevaar is. • in nood is. • beskerming nodig het. • teen reën/naturelemente beskerm wil word. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)	3
7.17.2	<ul style="list-style-type: none"> • Sy woorde kan nie vir mense uit gevaar/nood/moeilikhed/ probleme red nie. • Mense kan nie agter sy woorde skuil/wegkruip/beskerming kry nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	2
7.18	<ul style="list-style-type: none"> • A • word konnotatief gebruik. • A word konnotatief gebruik. (Enige EEN) OF <ul style="list-style-type: none"> • C • word in die gedig beklemtoon. • C word in die gedig beklemtoon. (Enige EEN)	(1)	3
7.19	ons 'n probleem met moeite oplos.	(1)	3
7.20	"kaal"	(1)	1

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
7.21	<ul style="list-style-type: none"> • "glo tog" • "medeburgers van die lewe" (Enige EEN) 	(1)	2
7.22.1	bid ✓ pleit ✓ wens ✓ (NB: Hier volg 'n konsessie slegs vir hierdie vraestel: Indien die 3 werkwoorde in 'n sin gegee word, aanvaar ons dit.)	(3)	1
7.22.2	<ul style="list-style-type: none"> • Dit beklemtoon die werkwoorde/wat hy wel kan doen. • Dit bind die strofe/gedig tot 'n eenheid saam. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) ("Beklemtoning" alleen verdien nie punte nie.) 	(1)	1
7.23	<ul style="list-style-type: none"> • Dat mense van grense/rassediskriminasie moet vergeet. • Dat mense vir mekaar sal omgee. OF • "dat ons van grense sal vergeet ✓ en bloot mens sal wees ✓ en medemens" ✓ (enige TWEE) (TWEE wense) 	(2)	2
7.24	Hierdie gedig dra daartoe by dat ons ... <ul style="list-style-type: none"> • besef dat ons in Suid-Afrika met mekaar moet praat. • kan sien hoe ons ons medemens moet behandel. • besef dat ons niks deur oorlog/woede wen nie. • sal streef na/wens/pleit/bid vir beter verhoudinge/vrede in ons land. (Kandidaat se interpretasie moet met diskresie hanteer word.) 	(1)	4
TOTAAL AFDELING D:		35	

GROOTTOTAAL: 70